7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van die verhaal?

A ’n Mens moet jou diere goed versorg.
B Die natuur volg nie die mens se reëls nie.
C ’n Dier kan ’n mens gelukkig maak.
D ’n Mens moenie jou diere laat rondloop nie. (1)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 8: *TWEE GESIGTE* – Elise Muller

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| ... Al begin die mallemeule ook stadig draai, gaan dit tog doller sodat ’n mens heeltemal hoenderkop word. En as jy afval ...! Katrien se oë met die donker kykers op die groot appels wat pas tevore wyd gerek het om aan haar vertelling kleur te verleen, het dig, dig gesluit. Om af te val, het Rinatjie met ’n rillinkie gedink, ... |

8.1 Wie het vir Rinatjie vertel dat die mallemeule na hulle dorp toe kom? (1)

8.2 By wie het Rinatjie gehoop om geld vir die mallemeule te kry? (1)

8.3 Wat het Katrien gewoonlik met die geld wat sy as beloning gekry het, gedoen? (1)

8.4 Katrien se ma kon vir haar geld vir die mallemeule gee.

8.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1. (1)

8.5 Hoekom het Rinatjie besluit om liewer op ’n bankie te ry? (1)

8.6 Dink jy dit sou vir Katrien beter gewees het om haar vyftigsentstuk te spaar? Antwoord JA of NEE en gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou 

8.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.7.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.7.1 Rosa | A ... het gesê om tien keer op die perdjies te ry, was heeltemal te veel. |
| 8.7.2 Katrien | B ... het geld gehad om drie keer op die perdjies te ry. |
| 8.7.3 Rinatjie se pa | C ... wou sommer tien keer op die perdjies ry. |
| 8.7.4 Rinatjie | D ... was groot en fris gebou soos ŉ man. |
| | E ... het ŉ groot lyf gehad. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Rosa begryp nog nie. Sy sê: “Toe maar, ék sal vir jou betaal.”
> “Maar ek *wil* nie ry nie,” snik Rinatjie driftig. “Ek wil nooit weer ry nie!”
> En sy hardloop oor die groen gras, weg van die veelkleurige gevaarte met die hart van musiek en die bedekte kloue. Sy hardloop sonder om een maal om te kyk, totdat die konsertinaklanke dof en die trane op haar wange droog geword het.

8.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.8) en die letter (A–D) neer.

“... weg van die veelkleurige gevaarte met die hart van musiek ...”
In hierdie beskrywing is die “**gevaarte met die hart van musiek**” ŉ voorbeeld van ...

A ŉ vergelyking.
B personifikasie.
C ŉ metafoor.
D kontras. (1)

8.9 Waarom hou jy van Rinatjie? (1)

8.10 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.10) en die letter (A–D) neer.

Rosa wou vir Rinatjie betaal omdat Rinatjie ...

A se pa nie vir haar wou geld gee nie.
B al haar geld reeds gebruik het.
C haar geld verloor het.
D haar geld vir Katrien gegee het. (1)

